NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tawsotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Oktober 2007 October 2007

Redaksioneel

Sonder dat 'n mens dit agtergekom het, het hierdie jaar alreeds gevorder tot hier waar ons weer by ons uitstalling is. Vir diesulkes wat gewoonlik nie die uitstalling bywoon nie, om nie te praat van diegene wat nie deelneem nie, net die volgende:

HOUTWERKUITSTALLING

20 Oktober 2007: 08h00- 16h00

LIONS KLUB, UMGAZIWEG, ASHLEA GARDENS

TOEGANG :R 10

Ons doen weer eens 'n beroep op al ons lede om tog maar te poog om deel te neem, al is dit op hoe 'n klein skaal moontlik! Dit is altyd lekker om 'n groot aantal stukke te hê wat uitgestal kan word om sodoende vir ons lede en vir die publiek te wys waartoe ons vereniging in staat is. Ons verwag ook dat almal 'n groot poging sal aanwend om die geleentheid so wyd moontlik te verkondig! Bring al jou familie en vriende en hulle vriende ens. (Kyk ook die voorsitter se deel in hierdie verband)

With the year heading towards it's end, I want to remind every one that the association will be having normal meetings until the end of November, so do not change your normal routine before the meeting of 28 November 2007.

Programme for October

- **<u>Saturday, 13 October at 09h00:</u> Cabinet makers meet at Louw Trichardt's workshop. The meeting will be on the design and**
- **installation of Kitchen Cabinets and built in cupboards.**

- **Wednesday, 17 October, at 18h00: The turners meet at the workshop of Frans Malan, 245 Nixon Street, Nieuw Muckleneuk, telephone: 012 460 4862.** ***Please take note and remember that we have decided to move this meeting one week forward due to the date of the Exhibition***

- **<u>Saturday, 20 October, at 08h00:</u> Woodwork Exhibition**

- **<u>31 October, at 18h00:</u> Monthly meeting at the Botany Department, University of Pretoria.**

- **(Although it actually falls in November, you are reminded of the end of year function, that will once again be held at the Research Farm of the University of Pretoria. The date for this is Saturday, 10 November, at 17h 00.** ***This is a not to miss occasion!)***

Vorige vergadering

Tydens ons vorige vergadering was ons gelukkig genoeg om iets heel nuuts en werklik interessant te kon meemaak. 'n Jong man met die naam Nardus, het laser snymasjien gedemonstreer, waarmee 'n mens op feitlik enige materiaal, insluitend hout, detail uitsnywerk kan doen. Wat vir my persoonlik baie beïndruk het is die absolute fyn detail wat met hierdie masjien behaal kan word. Jy kan werklik 'n foto van 'n persoon uitbrand op die materiaal van jou keuse. Daar is by my geen twyfel nie dat enige houtwerker sommer dosyne gebruike vir so 'n apparaat kan uitdink nie. Dit kan gaan van die merk van enige gereedskapstuk, om jou naam en logo op dit wat jy gemaak het uit te kerf/brand tot om items te versier. Dit is voorwaar 'n baie bruikbare stuk gereedskap. Dit is weer eens net jammer dat die prys daarvan net bokant die meeste mense se vermoë sal wees. Dit mag egter die moeite werd wees om te bepaal waar die naaste organisasie is wat wel sulke werk kan doen en dit dan te laat doen waar jy so 'n behoefte mag hê. (Die wêreld van die rekenaar het werklik omtrent die hele samelewing begin raak!) Ek het ongelukkig Nardus se van gemis, dog sy telefoonnommer is 084 205 6285, vir die van u wat dalk sulke werk gedoen wil hê en verdere navrae wil rig.

After the laser demonstration, we had some detail discussions on the upcoming exhibition.

Next monthly meeting

Our next meeting will again be at the University of Pretoria. The theme for the evening will most probably be on woodcarving and the use of the Dremel and like machines. I do believe that these techniques can come in handy when one is making furniture as well as where one may be stymied as to how to enhance the appearance of a turned piece.

Notification

Over the last few months the committee tried to get one of the members to take over the task to supply members with cool drinks at our monthly meetings. This was to no avail. Due to the fact that the treasurer can no longer fulfil this task, we will no longer sell cool drinks at our meetings. We therefore request that in future everyone should bring his own refreshments according to his own needs.

Die voorsitter se deel

ERNSTIGE SAKE/ SERIOUS MATTERS

Die doelstellings van die Houtwerkvereniging van Pretoria, soos vervat in ons grondwet kom breedweg daarop neer om houtwerk van hoë gehalte te bevorder, nie alleen onder die lede nie maar ook die publiek.

Dit word van elke lid verwag om op die een of ander manier hierdie doelstelling te verwesentlik. Ons is ook voortdurend op soek na meer lede en dit verbaas my dat daar nog soveel mense is wat nie eers bewus is van die bestaan van ons vereniging nie ten spyte daarvan dat ons al byna 19 jaar bestaan. Vra jouself dus af: "Wat doen ek as lid om die doelstellings van my vereniging te bevorder en te verwesentlik en is dit wat ek doen werklik genoeg?"

Probably the biggest promotional effort of our association is to stage the annual exhibition. The purpose of this exhibition is not only to give the members the opportunity to display their handy work to fellow members and the public, but also to make the public aware of our association and it's activities and to make such an outstanding event that they would be inspired to also become members of our association. So if you feel you have not quite done your bit to promote the aims of the association here is your chance to redeem yourself by partaking in the exhibition on 20 October. There are many ways in which you can help e.g. by submitting items for display- the choice to have items judged or not is entirely up to you; you can help to fulfil many tasks and duties to play host to the public; you can help to advertise the event and encourage family and friends to attend; or you can just be present at the exhibition and enjoy the day with your fellow members.

BELANRIKE ONTDEKKING

Meeste van ons kla dat ons nie genoeg tyd het om alles te doen wat ons so graag wil doen nie, veral daardie lekker houtwerkprojekte nie. Daar is net nie genoeg ure in die dag daarvoor nie. Ek het nou toevallig en bloot per ongeluk die oplossing vir hierdie probleem gekry. 'n Metode om die horlosie bykans te laat stilstaan sodat dit voel asof daar ten minste 48 ure in 'n dag is.

Ek het onlangs twee keer die geleentheid gekry om so 'n 'tydspaar' inrigting vir 'n paar dae op 'n keer te besoek. Elke stad en die meeste dorpe het een of meer van hierdie fasiliteite waar daar meer ure in 'n dag is as waarvoor jy kan wens om te hê. Sulke fasiliteite staan bekend as HOSPITALE! Daar gaan die tyd bitter stadig verby. Daar is egter 'n probleem. Ten einde hierdie 'tydspaar' ervaring te kan ervaar word jy so gekoppel aan drade, pype, buise, ligte en pompe wat in elke denkbare liggaamsopening gedruk word en as daar nie meer openinge is nie word daar ekstra gate gemaak. Ek is bevrees met al hierdie dinge waaraan jy vasgemaak word sal dit totaal onmoontlik wees om enige houtwerk te kan doen. Dit is dus geen wonder dat elkeen wat in so 'n 'tydspaar' inrigting beland so spoedig moontlik daar wil wegkom en liewer huis-toe wil gaan na daar waar ons nie genoeg ure in die dag het nie.

AANGENAME ONTDEKKING

Ek is nie lief om te skryf nie, eintlik haat ek dit om te skryf. Terwyl ek wroeg om 'n paar sinvolle woorde vir Tambotie op skrif te stel wonder ek of iemand ooit lees wat ek met soveel moeite skryf. Ek het al by geleentheid sommer 'n klomp 'tjol' geskryf net om te sien of iemand daarop sal reageer. Watter vreugde het ek nie onlangs ervaar toe ek iemand raakloop wat my vertel dat sy die Tambotie nuusbrief van hoek tot kant lees en kennis neem van alles wat daarin geskryf word, selfs dit wat ek kwyt raak. Hierdie dame is nie eers 'n lid van ons vereniging nie (ook nie haar man nie) maar sy het 'n metode om die Tambotie gereeld in die hande te kry. Benewens dat sy die Tambotie lees doen sy ook sekere houtwerk aktiwiteite baie goed, na my mening. Sy is nie net vertroud met houtwerkgereedskap en aktiwiteite nie, maar sy het ook ander wonderlike deugde. Hierdie

ander deugde gaan ek nie sommer so met almal deel nie, ten minste nie nou al nie. Voorlopig sê ek dankie aan E—a dat sy 'n getroue leser van Tambotie is, dit inspireer my nou sommer om voort te gaan met hierdie pynlike taak.

Sien julle almal by die uitstalling op 20 Oktober te *Lions Klub*.

At.

Turners' corner

At our last turners meeting we had the normal discussion of the last month's turned pieces. These were once again a very good example of well turned pieces.

Apart from the usual discussions on the pieces we also made final arrangements concerning the ***50 Plus Exhibition of 1 -3 Oct*** as well as our own exhibition of 20 Oct.

Our next meeting will be on 24 October, at the workshop of Frans Malan. The homework for this month is firstly the completion of any unfinished item for the exhibition and then:

Beginners	Intermediate	Advanced
Shallow bowl/ Taza	Wobble bowl/ puzzle	Deep hollowed piece (Opening 10 mm)/ String of beads

Reklame CDs

Deur Lou Coetzer

Ek het die afgelope week 3 reklame-CD's gekry en wil graag die inhoud daarvan met ons lede deel – soos van my verwag word. Hierdie CD's word in jou rekenaar gelees en die inligting en beelde verskyn op die rekenaarskerm. Twee van hulle het ook video-insetsels wat die betrokke gereedskap goed illustreer. Heel professioneel gemaak en vertoon soos DVD's.

Die eerste CD is van **Bosch** en sluit in 'n kort video van hulle nuwe **Prio** "Lithium-Ion" handskuurder en 'n lêer met beelde van nuwe produkte. Die produkte, met kort beskrywings van elk, is 'n muurskandeerder, verskillende battery-aangedrewe skroewedraaiers, 'n laserpen, hulle POF 1400 ACE Router en die **Xeo** snyer wat ook deur 'n Lithium-Ioon-battery aangedryf word. Dit sny met 'n wieletjie wat selfslypend is.

Die tweede CD is van **Skil** en vertoon slegs beelde van die nuwe reeks handgereedskap. Onder die produkte is 'n klein skroewedraaier/boor, bekend as die **Christmas Ball**, wat met 'n 4.8V NiMH-battery aangedryf word, die model 1830 router, verskillende boormasjiene/skroewedraaiers (koordloos asook 240V), verskillende wipsae, 'n 750 W hoekslyper (angle grinder), 'n krammer (tacker) en 'n snyer. Die snyer verskil van die **Bosch**-snyer deurdat dit 2 lemme soos 'n skêr het en nie 'n wieletjie nie. Laastens promofeer **Skil** hulle "Storage Cube" wat soos 'n skinkbord met holtes oopvou, en waarin jou handgereedskap en ander snuisterye gebêre kan word.

Die derde CD is ook van **Skil** maar dis 'n video van hulle snyer wat die verskillende gebruike en sy vermoë wys, met inligting oor addisionele snylemme wat beskikbaar is. Nogal mooi meisies wat die snyer hanteer.

Hierdie CD's is almal by my beskikbaar vir lede wat in enige van hierdie produkte belangstel en meer daaroor wil lees. Skakel my gerus en ons maak 'n plan.

Lou Coetzer

Meubelmakers

In verlede maand se artikel is daar foutiewelik genoem dat die meubelmakers by David Malan bymekaar gekom het – ons het by David Beukes bymekaar gekom, verskoning vir die fout.

September het die meubelmakers by Leon Wolmerans bymekaar gekom en tappe behandel. Leon het ons baie tuis laat voel en getrakteer met lekker drink en eetgoedjies. Tydens die byeenkoms het ons baie lekker gesels en idees uitgeruil.

Die byeenkoms het begin met 'n demonstrasie deur Leon oor hoe om 'n *lock mitre* te sny. Die geheim van die voeg lê in die gids wat saam met die routertafel gebruik word. In die volgende foto word die gids getoon.

Figuur 1: Sny van die *lock mitre*

Daarna het Andreas die Leigh FMT vir sny van tap en gat voeë gedemonstreer. 'n Baie maklike manier om die tipe voeg akkuraat teen enige moontlike hoek te sny.

Figuur 2: Sny van tap met Leigh FMT

Dit is opgevolg deur Douglas wat getoon het hoe 'n *floating tennon* moet lyk en hy het vertel hoe dit gemaak kan word.

Figuur 3: *Floating tennon*

Laastens het Brian getoon hoe *half blind dove tails* met behulp van die Leigh Dovetail Jig gesny word. Die Leigh maak dit moontlik om verskillende wydtes swaelsterte te sny en is daarby geskik vir massa produksie van dieselfde voeg.

Figuur 4: Sny van *half blind dove tail* met Leigh

Die volgende byeenkoms is op 13 Oktober 2007 by Louw Trichardt (012 653 1874) te Susanstraat 345, Wierdapark om 09:00. Die onderwerp is ingeboude kaste van kombuiskaste tot slaapkamerkaste.

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon.

Danie Venter

Toys

All those members who committed themselves to the making of a toy or toys are reminded of this fact. Please endeavour to finish these items in time for the exhibition. This will enable Elsabe to get it all together so that it can be handed over to the library at a convenient time.

50 Plus-Uitstalling

Die draaiers het mooi saamgestaan en gehoor gegee aan die versoek om deel te neem aan hierdie uitstalling wat by die Pretoriase skouterrein aangebied word. By die skryf van hierdie stukkie is die eerste dag reeds afgehandel.

The turners really are a swell bunch of reliable people. A very large amount of beautifully turned items were (are) on display. Apart from that, at least 7 of the turners made themselves available to inform

the public and to turn on the two lathes that were available. A really sterling effort by this sub-group.

Hoewel ons lede hul kant gebring het met ’n baie goeie poging, was die opkoms van die publiek nie goed nie en word daar gehoop dat die laaste twee dae ’n oplewing sal toon. Die mense wat wel die uitstalling bygewoon het was werklik beïndruk met die items wat ons ten toon gestel het. Ons het ook ’n hele paar navrae oor die vereniging ontvang.

Die draaiers se stalletjie by 50-Plus

Die een helfte van ons gedraaide items

BOEKWINKEL

Deur Lou Coetzer

Prof. Alewyn Burger skakel my onlangs en vertel van ‘n oulike boekwinkel wat hy ontdek het. Dit is een van min boekwinkels in ons omgewing met boeke oor hout en houtwerk. My nuuskierigheid het toe gesorg dat ek daar uitkom en self gaan kyk. Die boekwinkel se gepaste naam is **A BOOK OR 2** en hy is geleë in ‘n kleinerige winkelkompleks wat vanuit Furrowstraat in Die Wilgers bereikbaar is. Furrowstraat self eindig van die oostekant af in Vermootenstraat, by die oprit na die N4-snelweg.

Soos prof Burger vertel het, vind ek toe daar kopieë van **Tauton’s Complete Illustrated Guides to: Finishing, Furniture and Cabinet Construction, Joinery, Shaping wood, Sharpening, Turning** en **Using Woodworking Tools**. Ek het vir myself ‘n kopié van **Turning** deur Richard Raffan aangeskaf teen ‘n skaflike R148. Hoewel dit ‘n boekwinkel is wat eintlik in tweedehandse boeke handel dryf, is hierdie Tauton’s-reeks splinternuut. So ook sommige van die ander houtwerkboeke.

Ander titels wat ek daar gesien het en volgens my vir sommige van ons lede interessant sal wees, is: **Techniques for building cabinetery, Refinishing and Finishing Wood, Power saws and planes, Woodcarvers, Tools and Techniques** en nog ander. In die meeste gevalle is daar net een kopié per titel beskikbaar. Wat ook opgeval het, is die redelike pryse vir hierdie boeke – winskope soos ek lank laas gesien het.

Lou Coetzer

Lief en leed

Net ‘n vinnige woord van bemoediging aan Lou Coetzer met sy hospitalisasie. Ons hoop dat die operasie sommer baie voorspoedig sal verloop en dat jy eersdaags weer perdvris sal wees.

EDITORIAL

Editor: Louw Trichardt
Address: Box 50606, Wierda Park, 0149
Telephone: 012 653 1874
E-mail: louwmarie@icon.co.za